STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 22 - 2017 • EDITION 22 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Welkom terug aan al ons inwoners. Ek wil almal graag 'n besondere en spesiale jaar toewens. Hier lê 365 nuwe dae voor wat ons kan gebruik om ons wêreld 'n beter plek te maak en ek sien uit daarna om saam met u hieraan te werk.

Dis 'n besondere voorreg om u mee te deel dat ons nuwe Munisipale Bestuurder, Geraldine Mettler, op 2 Januarie in diens getree het. Sy is 'n regsgeleerde met 'n LLM graad, 'n voormalige prokureur en het 16 jaar ervaring as senior amptenaar in plaaslike regering. Sy is baie opgewonde om in die mooi Eikestad te werk en het onmiddellik verskeie groot uitdagings aangepak. Ek sien baie uit daarna om, saam met haar, ons Munisipaliteit te groei tot een van die bestes in Suid-Afrika. Ons sal mettertyd ontmoetings reël met leiers van die verskeie belangegroepe, maar u is ook welkom om vir haar te skryf.

Die rol van die Burgemeester en Munisipale Bestuurder

Sommige mense verstaan nie die onderskeie rolle van die Munisipale Bestuurder en die Burgemeester nie.

Die Burgemeester en haar span, as politieke leiers, bepaal die beleidsrigting en koers waarin die Munisipaliteit beweeg. Hulle het dan ook 'n oorsigrol om te verseker dat die amptenare hul plig nakom en dienste lewer.

Die Munisipale Bestuurder is die Hoof Uitvoerende Beampte van die Munisipaliteit en dus rapporteer alle amptenare aan haar. Sy is verantwoordelik vir die administrasie en dag tot dag

Dear Residents

Welcome back to all residents! I want to wish you all an exceptional and special New Year. There are 365 days ahead that we can use to make the world a better place and I am looking forward to working with you to achieve this.

It is a great pleasure to inform you that our new Municipal Manager, Geraldine Mettler, began on 2 January. She is well versed in law with a LLM degree, practised as a lawyer and has 16 years' experience as a senior official in local government. She is very excited to work in our "Eikestad" and immediately began tackling various large challenges. I look forward to working with her to grow our Municipality into one of the best in South Africa. In time, we will organise meetings with various leaders and interest groups to arrange introductions. You are welcome to write to her in the meantime.

The role of the Mayor and the Municipal Manager

Some people do not understand the different roles of the Municipal Manager and the Mayor.

As political leaders, the Mayor and her team determine the policy direction that the Municipality takes. They also have an oversight role to ensure the officials do the job and deliver services.

The Municipal Manager is the Chief Executive Officer of the Municipality and therefore all the officials report to her. When there are policy decisions, the Mayor takes it to Council for a decision. Some of the Council responsibilities are,

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8314
mayor@stellenbosch.gov.za

IN HIERDIE UITGAWE
IN THIS ISSUE

WATERBEPERKINGS
WATER
RESTRICTIONS
bl/pg 4

STELLENBOSCH
WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

werking van die Munisipaliteit. Wanneer beleidsbesluite geneem moet word, neem die Burgemeester dit na die Raad vir 'n besluit. Sommige van die pligte van die Raad word egter gedelegeer na die Burgemeester, Munisipale Bestuurder of senior amptenare. Die Raad kan tog immers nie elke besluit elke dag self neem nie.

Verkeersdepartement en Jonkershoek

Ons is volspoed aan die gang en werk reeds aan planne om oplossings te kry vir probleme wat uitgewys is deur ons inwoners. Dit is dan ook waarom ek gedurende Desember persoonlik besoek afgelê het by die Jonkershoek-piekniekterrein en die Verkeersdepartement. Ek het inderdaad baie klagtes oor hierdie twee plekke ontvang en wou eerstehands die probleme sien en ervaar. Ek het gesien dat u besware geldig is en na afloop van die besoek het ek met die amptenare gesit en ons is besig om aan oplossings te werk.

In soverre dit die klagtes oor die Verkeersdepartement aangaan, is dit belangrik om te onthou dat daar 'n paar kwessies is waaroor die Munisipaliteit nie beheer het nie. Die Munisipaliteit gebruik die e-Natis stelsel wat deur die provinsiale regering gedryf word. Wanneer daar probleme met die stelsel is, is dit nie binne die amptenare se vermoë om dit te herstel nie en moet ons wag vir Provinsie om daaraan aandag te gee. Die uitstuur van die kennisgewings wat u daaraan herinner om u bestuurderslisensie of motorlisensie te hernu, word ook deur die provinsiale departemente behartig. Die uitstuur van kennisgewings sal hervat word wanneer die oordrag van die van die e-Natis stelsel na die RTMC voltooi is. Dit bly egter die bestuurder en voertuigeienaar se verantwoordelikheid om die vervaldatums op hul lisensies na te gaan.

Matrikulante en Studente

Ek wil graag ons matrikulante gelukwens met hul uitslae. Julle deursettingsvermoë en harde werk het vrugte afgewerp. Ons is baie trots op julle! Ek wens julle alle sterkte toe met die volgende stap in jul lewe.

Ek wil ook graag die nuwe studente in Stellenbosch verwelkom. Julle word nou deel van hierdie pragtige area se inwoners. Julle is baie welkom, maar ek wil graag 'n beroep doen op ons studente om asseblief die dorp en die inwoners te respekteer. As Munisipaliteit onderneem ons om die beste moontlike dienste aan julle ook te lewer.

Spaar Water

Ek herinner ons nuwe en ou studente, asook ons inwoners, dat ons steeds ernstige waterbeperkings toepas. Die damvlakke is baie laag en die watersituasie is kritiek. Spaar asseblief water en gehoorsaam die beperkings. Besonderhede oor die beperkings is beskikbaar op ons webblad (www.stellenbosch.gov.za).

Kaapstad het reeds waterbeperkings verder opgeskerp. Aangesien ons 'n deel van ons water van die Stad ontvang sal ons ook moontlike strenger beperkings moet oorweeg. Tans moedig ons verbruikers aan om ten minste 20% van hul normale gebruik te bespaar. *Sien bl. 4*

Brandweer

Die droë weer het 'n baie erge brandseisoen tot gevolg gehad en ons het verskeie groot brande beleef. Baie mense het ernstige skade gelei. Ongelukkig blyk dit dat baie brande uit nalatigheid ontstaan. Ek wil graag 'n ernstige beroep doen op alle inwoners

however, delegated to the Mayor, Municipal Manager or senior officials. It is after all not possible for the Council to sit and make decisions every day.

Traffic Department and Jonkershoek

It is full speed ahead. We are already working on solutions to issues highlighted by our residents. That is why I personally paid a visit to the Jonkershoek picnic area as well as the Traffic Department during December. I received many complaints regarding these two places and wanted to see and experience it first-hand. I have seen that your complaints are valid and following my visits, I sat down with the officials and we are working on solutions.

With regards to complaints about the Traffic Department, it is important to remember that there are issues that the Municipality has no control over. The Municipality uses the e-Natis system, which is managed by the provincial government. When this system experiences problems, the officials cannot fix it and have to wait for assistance from Province to tend to the matter. The issuing of reminders for the renewal of vehicle or driver's licences is also done by provincial government. The issuing of notices will resume when the move of the e-Natis system to the RTMC has been completed. It remains the responsibility of the driver and the vehicle owner to check the expiry date on their licences.

Matriculants and Students

I want to congratulate our matriculants with their results. Your determination and hard work bore fruit. We are very proud of you and I wish you all the best for the next step in your journey.

I also want to welcome the new students to Stellenbosch. You now become residents of this beautiful area. You are very welcome, but I want to ask all students to respect the town and the residents. As the Municipality, we will deliver the best possible services to you too.

Save Water

I would like to remind our returning students as well as our new students that serious water restrictions are still in place. The dam levels are very low and the water situation is critical. Please save water and adhere to the restrictions. Details regarding the water restrictions are available on our website (www.stellenbosch.gov.za).

Cape Town has already stepped up their restrictions and because we receive water from the City we will have to consider stricter restrictions. Currently we encourage all consumers to cut water consumption by at least 20% of their normal usage. *See pg. 4*

Fire Department

The dry weather has resulted in a very serious fire season. We have seen severe fires and many people suffered great damage.

Unfortunately it seems that many fires start as a result of negligence. I want to call on all residents to be very careful with

om versigtig te wees met oop vlamme. Hou vuurhoutjies en kerse weg van kinders en moenie sigaretstompies net neergooi nie. Ek het navrae van inwoners gekry oor waarom ons nie helikopters gebruik om veldbrande te blus nie. U moet weet dat ons munisipale brandweer nie oral direk betrokke is by brande wat binne ons grense uitbreek nie. Brandweerdienste binne ons munisipale area bestaan uit dienste wat deur die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit (KWDM) beheer word en dienste wat deur die Stellenbosch Munisipaliteit verskaf word.

Die brandweerdienste van die Distrik konsentreer op gespesialiseerde dienste wat fokus op veld- en bergbrande asook chemiese brande. Die munisipale brandweer is verantwoordelik vir brandbestryding met die doel om mense, eiendom en diere te beskerm asook optrede in enige noodsituasie wat moontlik kan voorkom. Die Munisipaliteit is dus verantwoordelik vir blus en beheer van enige strukturele brande, reddingsdienste en om seker te maak geboue voldoen aan die nodige brandveiligheidsregulasies. Die Munisipaliteit bied ook ondersteuningsdienste aan die KWDM en ander munisipaliteite binne ons distrik en die Stad Kaapstad soos per die ooreenkoms. Brandbestryding deur helikopters word geaktiveer deur die Distrik indien die betrokke bevelvoerder voel dit is nodig. Dit is dus nie 'n funksie of besluit van hierdie Munisipaliteit nie.

Vervoer

Ek het kennis geneem van u klagtes oor vervoerprobleme en het voor die einde van verlede jaar 'n vergadering gehad met ons Provinsiale Minister van Openbare Werke en Vervoer, Donald Grant. Ek het met hom gepraat oor padveiligheid en die ernstige kongestie op ons paaie. Ons het goeie vordering gemaak en werk daaraan om 'n paar volhoubare oplossings saam met die provinsie in te stel.

Vaste Afvalbestuur

'n Voortdurende probleem wat alle munisipaliteite mee gekonfronteer word, is vaste afvalbestuur. Daarom is ek baie opgewonde oor die oplossings waarmee ons munisipale span vorendag kom. Ons het reeds in Klapmuts 'n MOLOK geïnstalleer. MOLOKs is 'n nuwe tipe asdrom wat gedeeltelik onder die grond geïnstalleer word. Dit is higiënies, veilig en baie meer ekonomies. U sal hulle begin opmerk soos hulle geïnstalleer word in strategiese areas.

Saam met die MOLOKs het die Munisipaliteit begin met 'Swop Shops' of uitruilwinkels. Inwoners kan hul herwinbare materiaal in sakke na die winkel bring wat elke 2 weke gehou word. In ruil kry hulle kentekens (tokens) wat geruil kan word vir basiese kruideniersware en items wat inwoners nodig het. Die projek lei herwinbare materiaal weg van die stortingsterrein wat die leeftyd van die stortingsterrein verleng en die herwinning binne gemeenskappe aanmoedig. Die produkte wat in die winkel beskikbaar is word geskenk deur inwoners of deur 'n beperkte aantal aankope van die Munisipaliteit. As u wil skenkings maak vir die winkel kan u Charlotte Nell kontak by 021 808 8216 of per e-pos by charlotte.nell@stellenbosch.gov.za. Items soos klere, breekgoed, potte of panne is altyd welkom.

Die jaar lê 'n jaar vol verwagting voor ons. Ek het êrens gelees dat iemand 'n nuwe jaar beskryf as 365 nuwe geleenthede. Laat ons die geleenthede aangryp en die beste daarvan maak.

Groete,
Burgemeester Gesie

open flames. Keep matches away from children and do not just throw down cigarette buds.

The fire services from the district focus on specialised services which include veld and mountain fires as well as chemical fires. The municipal fire department is responsible for fighting fires with the focus on structural fires, emergency rescue services and preventing the loss of human lives. It also supports the CWDM and other municipalities in the region and the City of Cape Town as it is stipulated in agreements. Fire fighting via helicopter is activated by the district on the discretion of the commander. It is therefore not a function of this municipality.

Transport

I have noted your complaints regarding traffic and before the end of last year, I met with the Provincial Minister of Transport and Public Works, Donald Grant. We discussed road safety and the serious congestion on our roads. We have made some progress and are working with province to implement sustainable solutions.

Solid Waste Management

An ongoing issue that all municipalities face is solid waste management. That is why I am very excited about some of the solutions our municipal team have implemented. We have already installed a MOLOK in Klapmuts. MOLOKs are a new type of rubbish bin which is partially installed underground. It is hygienic, safe and much more economic. You will notice their installation in several strategic areas.

Along with the MOLOKs the municipality began Swop Shops. Residents bring recyclable material in bags to the shop that is conducted every two weeks. Bags of rubbish are exchanged for tokens which are used to acquire basic groceries and items residents may need. The project reroutes recyclable material away from the landfill, which in turn extends the life of the landfill and encourages recycling in communities. The products that are available in the shop are donated by residents and a limited amount is budgeted for by the Municipality. If you would like to make a donation, please contact Charlotte Nel on 021 808 8216 or via email at charlotte.nell@stellenbosch.gov.za. Items such as clothes, plates, dishes, pots and pans are always welcome.

There is an entire year full of expectations ahead. I read somewhere that a year is 365 new opportunities. Let's grab every opportunity and make the best of it.

Regards,
Mayor Gesie

Herwin / Recycle

Wat dink jy van die munisipaliteit se herwinning en het jy enige voorstelle? Voltooi asb. die opname op ons webwerf: **www.stellenbosch.gov.za**

What do you think about the municipality's recycling and do you have any suggestions? Please complete the survey on our website: **www.stellenbosch.gov.za**

WATER BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE GEBRUIKERS

1. Was voertuie met 'n **emmer** water - nie tuinslange

2. **Bedek** swembaddens



3. Drink water uit 'n glas

4. Maak krane styf toe

5. Maak lekkasies reg

6. Maak skottelgoedwassers vol voor aanskakel

7. Maak wasmasjiene **vol**

8. **Maak krane toe** wanneer jy tande borsel of skeer.

9. Maak tuine nat met 'n **emmer/gieter**

10. **Vermy** skoonspuit van harde-oppervlak- of geplaveide areas

Rapporteer alle water-oortredings by
021 808 8215 / 021 808 8953
of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

WATER RESTRICTIONS APPLICABLE TO ALL USERS

1. Wash vehicles with a **bucket** of water - not a hose pipe

2. **Cover** swimming pools

3. Drink water from a glass

4. Close taps properly

5. Fix leakages

6. Fill up dishwashers before use

7. **Fill** washing machines

8. **Close taps** when you brush teeth or shave

9. Water gardens with a **bucket/watering can**

10. **Avoid** hosing of hard surfaces or paved areas

Report all water transgressions to
021 808 8215 / 021 808 8953
or water.restrictions@stellenbosch.gov.za